Maandag

Matteus 26: 1-4; 14-16; 21-25; 31-32; 56; 27: 1-10. Lukas 23: 47–49. Teks: Luk. 23: 43: “Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met my in die paradys wees.” Tema: 'Christus hang aan die kruis vir ons sonde - ons hang nié aan Judas se galg nie.' ’n Moordenaar wat as verloste sondaar sterf en ’n dissipel wat sterf as ’n mens wat vir God verlore is! Dit is die geweldige ironie wat plaasvind met die veroordeling en dood van die Here. Die kern van hierdie ironie gaan oor vergifnis. By wie soek en kry jy vergifnis? Judas het vergifnis gaan soek by die tempel en die priesters. Die struikrower aan die kruis het sy vergifnis by die Here aan die kruis gesoek. Dit is die inhoud van God se openbaring in die kontras tussen Jesus en Judas: soek jy vergifnis by die godshandel van die tempel of soek en kry jy vergifnis by Jesus Christus? Dit wys ons wie is die voorbeeld vir hierdie soort geestelikheid dat jy jou saak met God sélf moet regmaak:

* jy moet erken jy is ‘n sondaar,
* jy moet jou sonde op die naam noem,
* jy moet vergoed vir jou sondes, restitusie doen,
* jy moet jouself straf,
* jouself en jou eie belange doodmaak,
* jouself verneder en jy moet jouself niks maak nie vir God.

Wie is die voorbeeld dat jy hierdie dinge met jouself moet doen – Jesus of Judas? Antwoord: Judas en nie Jesus is die voorbeeld van hierdie selfopoffering vir sondes. Jesus is nié ‘n voorbeeld om jouself te offer nie. Hy is die offer in jou plek om jouself nie te mag offer nie. Ons mag nooit van Judas as mens ’n karikatuur maak so asof hy spesiaal uitgesonder is vir die woede en wraak van God op sondaars omdat hy hierdie een spesiale sonde gedoen het om die Here te verraai nie. ’n Mens kan maklik hierdie indruk kry in die woorde van die Here: “maar wee die man deur wie die Seun van die mens verraai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie.” Met hierdie oordeelspreuk wys die Here op die veroordeling van élkeen wat nie Jesus as die Christus erken nie - nie net op Judas se veroordeling nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Dinsdag

Matteus 26: 1-4; 14-16; 21-25; 31-32; 56; 27: 1-10. Lukas 23: 47–49. Teks: Luk. 23:43: “Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met my in die paradys wees.” Tema: 'Christus hang aan die kruis vir ons sonde - ons hang nie aan Judas se galg nie.' Ons moet die evangelie ontdek in alles wat met Christus gebeur. Alles wat Jesus Christus in Paastyd as Here doen, doen Hy in ons plek vir ons om óns te spaar om te moet ervaar en te doen wat Hý doen. Jesus is self God wat sy raadsplan as God uitvoer vir ons in dit wat Hy as mens in sy lyding, sterwe en opstanding doen. Niks wat Jesus Christus in Paastyd doen, kan ooit ‘n voorbeeld wees wat ons Hom moet nadoen nie. Jesus het as God nie Judas se verraad bewerk nie, maar sy verraad beskik en bestuur as deel van God se raad dat Christus God en mens verlate moes sterf in die plek van sondaars. Jesus was nié of Judas of die Joodse Raad se

slagoffer nie. Jesus het as Here self besluit en beskik hoe Hy vir sondaars moet verraai word, oorgelewer word en doodgemaak word. So het die Here DRIE lydings-aankondigings voor Paasfees (Mat. 16: 21 -23; 17: 22,23; 20: 17 -19) gemaak waarin Hy sy eie raadsplan met sy eie lewe aan sy dissipels bekend gemaak het. Die Here stel dat dit “moet” gebeur, en met hierdie “moet” wys dat dit die beskikking en bestuur van God self is. Dit hoe Hy as Here dit as Seun van God self moet doen en hoe God sy Vader dit gaan laat gebeur. Dit is nie maar net ‘n voorkennis van hoe mense gaan besluit en optree nie. Daarom kondig die Here finaal in Mat. 26: 2 aan wat met Paasfees gáán gebeur en wat dit beteken in die woorde: “Julle weet dat dit oor twee dae Paasfees is. Dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word.” Só kondig die Here ook na die instelling van die nagmaal aan dat elke dissipel Hom in die steek sal laat. Dit is sy eie plan wat Hy self uitgedink het, self bestuur en uitvoer - nie wat ander oor Hom besluit nie. ‘n Plan wat Hom sondaars se Verlosser maak - nié geestelikes se voorbeeld om Hom na te aap nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Woensdag
Mat. 26: 1-4; 14-16; 21-25; 31-32; 56; 27: 1-10. Luk. 23: 47–49. Teks: Luk. 23: 43: “Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met my in die paradys wees.” Tema: 'Christus hang aan die kruis vir ons sonde - ons hang nie aan Judas se galg nie.' Die verskil tussen Judas en die struikrower se dood, is dat Judas se dood sy manier was om sy eie saak met God te probeer regmaak. Judas gaan na die tempel waar die priesters met hulle offerdramas besig was en soek daar vergifnis op die volgende wyse:
* Hy begin sy saak met God reg maak met ŉ diep innerlike oortuiging van sonde: “Ek het gesondig.”
* Dan erken hy sy eie sonde op die naam: “Ek het ŉ onskuldige man verraai.” In die taal van vandag doen hy dadelik restitusie, of boetedoening: Hy gaan gee die geld vir sy verraad alles terug.
* Toe die priesters dit nie wil vat nie, het hy dit in die tempel ingegooi, waarskynlik voor die offeraltaar.
* Dit was juis in die tempel waar Judas sy tweede ontnugtering beleef het. Hy het in die tempel by die priesters vergifnis gaan soek en dit toe nie gekry nie. Hy besef en erken sy sonde teenoor die Here. Hy erken sy sonde op die Naam. Hy doen boete vir sy sonde deur die geld terug te gee. Hy soek versoening met God in die tempel.
* Wat doen die priesters? Hulle weier om Hom in die vergifnis van die tempel te laat deel, want sou hulle sy sondebelydenis aanvaar, sou hulle hul self daarmee tot sondaars voor God maak vir die moordkomplot wat hulle saam beplan het.
* Wat doen Judas toe? Hy straf homself vir sy eie sonde. Hy offer homself vir sy sonde teen God. Dit is die diepste bedoeling van sy selfmoord. Hy kon nie deur sy boetedoening of restitusie vergifnis kry nie. Dit het die priesters hom ontsê. Daarom betaal hy sy skuld by God deur sy eie lewe vir sy sonde te gee as betaling vir sy sonde. Dit was sý manier om sy saak met God reg te maak vir sy aandeel in die moordkomplot teen Jesus wat hy besef het onskuldig is.

Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Donderdag
Mat. 26: 1-4; 14-16; 21-25; 31-32; 56; 27: 1-10. Luk. 23: 47–49. Teks: Luk. 23: 43: "Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met my in die paradys wees." Tema: 'Christus hang aan die kruis - ons hang nie vir ons sonde aan Judas se galg nie.' Aan die een kant van Jerusalem hang Judas homself vir sy sondes aan 'n galg op. Aan die anderkant van Jerusalem hang 'n misdadiger aan die kruis langs Jesus. Wat doen hy anders as Judas? Ons mag nie by die rower 'n ander tipe sondebelydenis probeer soek as by Judas nie. Dit is 'n heeltemal valse manier om die Bybel hier uit te lê. Die kontras tussen die misdadiger en Judas gaan nie om die verskil tussen twee maniere waarop jy jammer is teenoor mekaar gestel nie. Die kontras gaan ook nie oor " om saam met Jesus gekruisig te word of nie."  Die werklike teenstelling is die manier waarop Judas sy saak met God probeer regmaak teenoor dit waarmee Jesus aan die kruis besig was. Judas het homself aan die dood oorgegee as straf vir sy sonde terwyl Jesus Homself aan die kruis oorgegee het vir sondaars se sonde. Wat die struikrower anders doen is nie om anders jammer te wees nie. Hy soek by Jesus aan die kruis vergifnis van sonde: Hy aanvaar dat Jesus deur sy dood in sy koninkryk gaan kom om 'n koning te wees en al wat hy doen is om die Here te vra om aan hom te dink as Hy Here en Christus word van sy koninkryk. Daarmee stel hy sy vertroue in die HERE om aan Hom te dink as sondaar. Hier is geen selfopoffering vir sonde of enige identifikasie "ek sterf saam met Jesus", " ek word gekruisig saam met Jesus", "ek offer myself op soos Jesus nie." Net die noodgebed aan die Here wat die offer vir sondes is: " Here, dink aan my as U in U koninkryk kom." Deur hierdie vertroue in Christus is die misdadiger saam met die Here in die paradys en Judas wat homself vir sy eie sonde opgeoffer het is vir ewig onder die vloek van God. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Vrydag
Mat. 26: 1-4; 14-16; 21-25; 31-32; 56; 27: 1-10. Luk. 23: 47-49. Teks: Luk. 23: 43: "Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met my in die paradys wees." Tema: 'Christus hang aan die kruis vir ons sonde - ons hang nie aan Judas se galg nie.'
Wie se voorbeeld volg jy as jy met jouself die volgende doen?:
* jy moet erken dat jy sonde gedoen het, dan moet jy daardie sonde op die naam noem, dan moet jy regmaak (restitusie doen) en wanneer jy dit volgens die geestelikes met jouself gedoen het, dan is jy op jou eie.
* Dan staan jy voor hulle en hulle houding is " jou sonde en erkenning en regmaak van jou sonde, is jou saak, dit het niks met ons te doen nie.
* Daarom moet jy dan op jou eie die werklike offer vir jou sonde bring – jy moet jouself straf deur jou eie ek dood te reken, jou eie lewe weg te gee, die beheer van lewe oor te gee, op jou eie belange op te gee en jouself só niks vir God maak.
Wie het vir ons die voorbeeld gestel van hierdie manier om jou saam met God reg te maak, a Jesus? , b die krimineel aan die kruis
of " Judas?

Jesus het géén voorbeeld aan die kruis gestel nie. Hy het gedoen wat ons nie kan doen nie.
Dit kan nie die MISDADIGER wees nie want hy doen geen sonde belydenis teenoor Jesus nie, doen geen restitusie, regstelling of terugbetaling nie, en sy kruisiging is 'n staf op 'n misdaad, nie 'n offer vir sy sonde nie. Al wat Hy doen is om sy vertroue in sy nood in die Here te stel met die gebed: "Dink aan my." Die vraag vir ons is: staan jy met Jesus Christus se Golgota-oomblik by wat Christus vir jou doen of by die boom waaraan Judas homself opgehang het? Vandag se geestelikes maak van Judas se selfopoffering vir sy sonde, dit wat ons Judas kamstig moet NADOEN in die Naam van Jesus. Alles wat Judas doen word voorgehou met die motivering: " net soos Jesus":
* Jy moet jou eie ek dood maak, net soos Jesus;
* jy moet jouself kruisig, net soos Jesus;
* jy moet jouself niks maak net soos Jesus;
* jy moet jouself oorgee, opgee en weggee net soos Jesus. Dit is die absurde godlose vroomheid van vandag se geestelikes: volgens hulle jy moet voor Jesus aan die kruis gaan staan en dan Judas se voorbeeld volg om jouself op te hang vir God.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Saterdag ekstra
Mat. 26: 1-4; 14-16; 21-25; 31-32; 56; 27: 1-10. Luk. 23: 47-49. Teks: Luk. 23: 43: "Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met my in die paradys wees." Tema: 'Christus hang aan die kruis vir ons sonde -  ons hang nie aan Judas se galg nie.' Dit is hoekom ons vandag so in die kerk sukkel. Want dit wat Judas gedoen het, word vandag deur geestelikes van die kansels gepreek as evangelie. Hulle sit aan elke deel van Judas se poging om self vergifnis te kry net die woorde "soos Jesus", Só maak hulle dan asof wat Judas met homself aan daardie boom gedoen presies dit is wat Jesus vir ons aan die kruis wys wat om met onsself te doen. Jesus het ons nie met sy kruisiging GEWYS wat ons met onsself moet doen soos Judas nie, maar om die enigste OFFER te wees sodat ons nooit aan onsself mag doen wat Judas met homself gedoen het nie: om ons eie-ek dood te maak, self te kruisiging, self oor te gee en self niks te maak nie. Dit is godslasterlik om van die Here Jesus aan die kruis net nog 'n voorbeeld te maak van wat Judas aan die anderkant van Jerusalem met homself gemaak het. Só: Wie vind vergifnis Hulle wat Judas se voorbeeld volg " in die Naam van Jesus"  of hulle wat doen wat die misdadiger aan die kruis gedoen het  - deur in jou sonde net jou vertroue in die Here te stel om jou te vergewe deur VIR JOU DIE OFFER vir jou sondes te wees?
Sónder sondebelydenisse, sondes op die naam genoem, restitusie, en self opoffering! Want dit is wat die misdadiger doen! " Ek kan nie reg maak nie, nie vergoed nie, nie terugbetaal nie, nie my eie straf op wetlike oortredings as my offer vir sonde voorhou nie, ek kan nie saam met U ly, gekruisig wees, sterf en ter helle neerdaal nie. Al wat ek kan vra is – dink aan my as die Here wat vir my sondes die offer was en vandag só regeer. Die Here Jesus het nie aan die kruis gehang om vir ons te wys hoe om ons saak met die Here reg te maak nie. Hy het aan die kruis

gehang om ons saak met die Here self reg te maak en ons Hom daarvoor net kan vertrou! Ons glo nie in ons eie galge waaraan ons onsself moet ophang nie. Ons glo in Hom wat aan die kruis alle sonde vir altyd verreken het. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.